Tema: Dien die Here met blydskap

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 95-1: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 100-1: 1, 2, 3, 4
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing en teks: Psalm 100
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps. 145-1: 1, 5
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs

Ons almal weet wat gebeur as ‘n mens nie olie in ‘n motor se enjin gooi nie. Die enjin gaan staan – hy kan nie sonder olie werk nie. Die olie maak al die bewegende dele van die enjin glad en daarom kan dit teen geweldige hoë spoed en wrywing bly beweeg. Sonder olie word die enjin warm, die dele skuur teen mekaar en uiteindelik brand daardie bewegende dele vas – en alles kom tot stilstand.

Soos olie vir ‘n enjin, geliefdes, so is blydskap in ons diens aan die Here. Sonder blydskap kan ons nie aanhou dien nie. Sonder blydskap word die werk swaar, raak die wrywing onuithoudbaar,verloor ons dienswerk spoed en uiteindelik kom ons diens aan God tot stilstand.

Ons het vanmore gehoor dat Jesaja die volk Israel in ballingskap oproep om alreeds – net by die aankondiging van hulle terugkeer uit ballingskap – te juig en te jubel! Alreeds daar in die ballingskap kan hulle bly wees! Die Here gaan hulle terugbring en hulle diens aan die Here moet gekenmerk word deur blydskap en vreugde!

In aansluiting hierby roep die Here ons vanaand op met die woorde van ons teks: Dien die Here met blydskap! Ons mag nie toelaat dat die duiwel ons ons blydskap beroof nie! Nee, vreugde, blydskap en jubeling moet ons dienswerk as kerk kenmerk. Ons moet nie gekenmerk word deur krom skouers, moeë oë en leë glimlagte nie. Nee, ons vreugde moet vir almal sigbaar wees, in ons persoonlike lewe, maar ook in ons gemeentelike lewe.

En geliefdes, ons kan bly wees, ons het rede om vreugde beleef. Ons het die jaar afgeskop met die prediking uit Klaagliedere en die vraag gevra: wat van as 2024 blyk nie ŉ voorspoedige jaar te wees nie! En nou blyk dit dat hierdie jaar juis nie so voorspoedig is nie. Die landbou beleef ŉ kritieke droogte toestand! Die politieke spanning is besig om op te laai in aanloop na die verkiesing! Rassespanning word opgestook! Ons landsekonomie is die grootste skuldkrisis ooit!

Maar, geliefdes, ons het reeds daar in Klaagliedere geleer dat spyte van die diepste teleurstelling, smart en teëspoed, die gelowige steeds met hoop en vreugde in die Here kan ewe. Die kenmerk van ware geloof is dat ons te midde van beproewinge steeds vreugde ervaar en die Here met blydskap kan dien. Onthou u nog vir Dawid in die grot – daar psalm 57? Onthou u nog vir Paulus en Silas in die tronk? Vreugde ten spyte van beproewinge!

Hoe kan dit, sal mens vra?
Ons psalm sê vir ons hoe dit kan! Vers 3 sê: erken dat die Here God is! Ja, br en sr, kyk ‘n bietjie verby dit wat jou negatief en neerslagtig maak – of dit nou in jou persoonlike lewe is, in die kerk of in ons wêreld, kyk verby dit alles na God wat agter dit alles staan. Hy is ‘n Almagtige God – die Here is God – God wat al hierdie dinge in sy hand hou en daaroor regeer. Meer nog – Hy regeer nie net oor ons lewe nie, Hy sorg ook vir ons.

Hy het ons sy kudde gemaak en Hy sorg vir groen weivelde. Hy het vir ons ‘n Goeie Herder gegee wat sy lewe vir ons afgelê het sodat ons groen gras het om te eet. Dat ons geestelike en liggaamlik gevoed kan word. Vanmore is ons aan die Nagmaaltafel

deur die Here gevoed met krag vir ons geloof! Ten spyte van baie negatiewe dinge in ons lewe, sorg die Here vir ons. Ons is geneig om meer die negatiewe as die postiewe dinge in ons lewe raak te sien. Daarom raak ons swaarmoedig en verloor ons ons blydskap.

Maar kom ons kyk nog verder in ons psalm: Vers 5 sê 3 dinge van ons God. Hy is goed, liefdevol en getrou.
God is goed vir ons, geliefdes, sy genade oor ons lewe is oneindig. Dink net aan al ons sonde en ons ontrou – en elke keer as ons kom bely en om genade smeek – dan gee God sy goedheid vir ons. Hy vergewe en gee weer nuwe krag.

God is lief vir ons! Dit het ons gesien in die feit dat Christus bereid was om as Goeie Herder vir ons te sterf sodat ons nou reeds kan deel in die ewige lewe. Daarom was die maaltyd vanoggend ook 'n advertensieflits van ons ewige lewe by God op die nuwe aarde. Dit is 'n belofte van redding vir ewig. Wie kan nie daaroor bly wees nie??

God is ook getrou! Hy help ons tot die einde toe. Hy stuur sy Gees wat Hy die Trooster noem. Die Heilige Gees troos ons te midde van alle beproewinge wat ons kan beleef en gee ons te midde van swaarkry vrede. Hy gee ons vreugde en laat ons God met blydskap dien. Daarom leer Hy ons ook om al ons bekommernisse met gebed in God se hand te laat en God se vrede en dus ook vreugde sal oor ons wag hou. As ons dus meer bid, sal ons meer vreugde beleef! Ons hoef ons nie dood te bekommer oor alles wat verkeerd gaan nie – nee – kom ons gee dit in gebed oor in God se hande – Hy sal sorg.

Daarom roep die Gees ons ook vanaand op: Verbly julle in die Here, ek herhaal, verbly julle! Dit is die Nuwe Testamentiese Psalm 100: Dien God met blydskap!

Geliefde kudde van die Here: Ons het genoeg rede om elke dag met blydskap te lewe. Kom ons erken vandag: Die Here is ons God en ons is sy kudde! Kom ons verlustig ons in die groen weiveld van genade wat ons vanoggend kon geniet en wat elke dag van ons lewe, gereed staan. Kom ons loof en prys Hom vandag hier in sy huis vir alles.

En met die krag wat ons uit sy versorging put: kom ons dien Hom met vreugde. Want geliefdes, die beste manier hoe ons ons dank teenoor God kan bewys is om Hom te dien. Dien beteken: my geloof moet met geloofsdade bewys word! Dien beteken ek moet iets doen. Ek moet God dank met woord en daad. Ons weet dit mos: sodra ek iets vir God en my naaste doen – dan draai die fokus weg van my en al my ellende en dan begin ek vreugde ervaar – want ek beteken iets vir my God en my naaste.

Ons kan en moet sigbare vreugde in die Here hê. Ons eredienste moet meer met vreugde en blydskap gekenmerk word. Ons kan en moet meer vreugde in mekaar as brs en srs hê. Ons deel dan saam aan al hierdie wonderlike dinge wat God ons gee en hier moet ons dit bewys. Dat ons mekaar met groter vreugde bedien en mekaar tot blydskap aanmoedig. Erns en toewyding beteken tog nie stroewe gesigte en treurige eredienste nie. Vreugde en eerbied is nie teenoorgesteldes nie. Ons eerbied vir God blyk juis uit die blydskap waarmee ons Hom met erns dien.

Die vrug van alles wat God Drie-enig vir ons gee en doen, kom na vore in ons vreugde en blydskap – dat ons die Here met blydskap dien!

Sonder vreugde, br en sr, word jou diens aan die Here baie swaar slawewerk! Slawewerk wat jou al jou vreugde beroof! Sonder vreugde gaan jou geloofsenjin baie gou tot stilstand kom. Dan word alles in jou lewe en in die kerk – een gekreun en gekraak – van ‘n enjin wat besig is om vas te brand.

Nee, my brs en srs, Kom ons dien die Here met blydskap. Kom ons erken dan vanaand:
Die Here is vir ons goed en ons is sy kudde. Hy sal vir ons sorg en ons gaan nie toelaat dat bekommernis, beproewing en struikelblokke ons van ons vreugde beroof nie.
Ons gaan dit met gebed in God se hand sit en die vrede van Gees geniet.

Kom, ons as kudde van die Goeie Herder – geniet wat Hy julle vandag vir ons hier in sy huis gebied het en kom ons gaan dien Hom met blydskap.

Amen.